*Vrydag* **12 September**

**Skrifgedeelte : Johannes 18:25-27 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Johannes 18:27**

**Te midde van ons eie swakheid sal Christus ons nooit verloën**

Kort voor hierdie gebeure het Petrus en Johannes saam met Jesus, wat gevange geneem is, na die woning van die hoëpriester gegaan. Petrus het by die deur bly staan, maar Johannes het hom kom haal. Die diensmeisie wat deurwagter was, het Petrus gevra of hy nie een van Jesus se dissipels was nie. Petrus het dit ontken.

Hierdie selfde Petrus het kort vantevore sy lojaliteit aan Jesus belowe in die bovertrek waar Jesus die nagmaal ingestel het. Dieselfde Petrus het alleen sy swaard getrek in die maanlig van die tuin waar Jesus gevange geneem is. Dieselfde Petrus het Jesus gevolg oral waar Hy gegaan het. En nou, nou ontken hy sy verbintenis met Jesus. Tot drie maal verloën Petrus sy Leermeester. Toe die haan vir die derde keer kraai, het Petrus die woorde van Jesus onthou dat hy Hom sou verloën, en in trane uitgebars.

Kort hierna aan die kruis het die Vader sy rug op sy Seun gedraai, en wat maak Jesus? Hy gaan deur die donkerste lyding denkbaar, en wanneer Hy tot aan die einde gehoorsaam bly aan sy Vader, sê Hy: "Dit is volbring!" Vanuit sy groot liefde vir sy kinders het Hy ons nooit verloën nie. Selfs al verloën ons Hom so maklik in ons woorde, gedagtes en dade, is sy verlossingswerk voltooi.

Hierdie grootse verlossingsdaad bring elke kind van God ook tot trane oor ons eie swakheid, maar dit dring ons tot 'n diepe dankbaarheid dat ons Verlosser ons nooit sal verloën nie.

*Sing: Psalm 130-1:1*

*Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*